THE BOOK OF

# REVELATION

Les 3

VERSE BY VERSE MINISTRY
INTERNATIONAL

VERSE BY VERSE
fellowship

© 2019 – Verse By Verse Ministry International (www.versebyverseministry.org)
May be copied and distributed provided the document is reproduced in its entirety, including this copyright statement, and no fee is collected for its distribution.




# Interpretasie van die briewe

| | |
|---|---|
| Letterlik | Spesifiek, histories |
| Universeel | Algemeen, tydloos |
| Profeties | Simbolies, eskatologies |

# Openbaring se uitleg

## Hoofstuk 1:19

| | |
|---|---|
| 1. Dinge wat hy gesien het | Hoofstuk 1 |
| 2. Wat is | Hoofstuk 2-3 |
| 3. Wat hierna gaan gebeur | Hoofstuk 4-22 |


KERK ERA
7
6
5
Sardis
4
Tiatira
Romeins Katolieke Kerk
600-1517 nC
3
Pergamum
Romeinse Ryk Kerk
313-600 nC
2
Smirna
Vervolgde Kerk
100-313 nC
1
Efese
Apostels Kerk
30-100 nC

# Openbaring 3:1-6 (AFR20)



Op. 3:1 (AFR20) "Skryf ook aan die boodskapper van die gemeente in Sardis: "Dit sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het, " 'Ek ken jou dade – jy staan daarvoor bekend dat jy lewe, maar jy is dood.

Op. 3:2 Wees wakker, en versterk diegene wat nog oor is, wat op die punt is om dood te gaan. Ek het gevind dat jou dade in die oë van my God nie voldoende is nie.

Op. 3:3 Onthou dan hoe jy die boodskap ontvang, en daarna geluister het. Bewaar dit, en bekeer jou! As jy egter nie wakker skrik nie, sal Ek soos 'n dief opdaag, en jy sal nie weet op watter tydstip Ek by jou aankom nie.

Op. 3:4 Maar daar is 'n paar mense by jou in Sardis wat nie hulle klere besoedel het nie. Hulle sal saam met My leef, in wit klere, omdat hulle dit werd is.

Op. 3:5 " 'Wie oorwin, sal net so wit klere kry om aan te trek, en Ek sal sy naam nie uit die boekrol van die lewe skrap nie, maar voor my Vader en sy engele oor hom getuig.

Op. 3:6 Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê.' "

# Kerk Era

| | | |
|---|---|---|
| 7 | | |
| 6 | | |
| 5 | Sardis | Hervormde Kerk<br>1517-1648 nC |
| 4 | Tiatira | Romeins Katolieke Kerk<br>600-1517 nC |
| 3 | Pergamum | Romeinse Ryk Kerk<br>313-600 nC |
| 2 | Smirna | Vervolgde Kerk<br>100-313 nC |
| 1 | Efese | Apostels Kerk<br>30-100 nC |

# Openbaring 3:7-13 (AFR20)



Op. 3:7 (AFR20) “Skryf ook aan die boodskapper van die gemeente in Filadelfia: “Dit sê die Heilige, die Ware, wat die sleutel van Dawid hou, wat oopmaak, en niemand sal dit toesluit nie, wat toesluit, en niemand sal dit oopmaak nie.

Op. 3:8 “ ‘Ek ken jou dade. Kyk, Ek het voor jou 'n oop deur gegee, wat niemand kan sluit nie. Al is jou krag min, het jy vasgehou aan my woord, en het jy my Naam nie verloën nie.

Op. 3:9 Kyk, Ek laat toe dat daar mense uit die sinagoge van Satan kom wat beweer dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar lieg; kyk, Ek sal sorg dat hulle kom, en voor jou voete neerbuig, en erken dat Ek jou liefhet.

Op. 3:10 Omdat jy aan my opdrag gehoorsaam was om te volhard, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele bewoonde wêreld gaan aanbreek, om die bewoners van die aarde op die proef te stel.

Op. 3:11 Ek kom gou; hou vas aan wat jy het, sodat niemand jou oorwinnaarskrans wegneem nie.

Op. 3:12 “ ‘Wie oorwin, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal nooit weer daar uitgaan nie. Verder sal Ek ook die Naam van my God daarop graveer, en die naam van die stad van my God, dit is die nuwe Jerusalem, wat van my God uit die hemel neerdaal, en ook my nuwe Naam.

Op. 3:13 Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê.’ ”

## KERK ERA

| | | |
|---|---|---|
| 7 | | |
| 6 | Filadelfia | Sendings Kerk<br>1648-1900 nC |
| 5 | Sardis | Hervormde Kerk<br>1517-1648 nC |
| 4 | Tiatira | Romeins Katolieke Kerk<br>600-1517 nC |
| 3 | Pergamum | Romeinse Ryk Kerk<br>313-600 nC |
| 2 | Smirna | Vervolgde Kerk<br>100-313 nC |
| 1 | Efese | Apostels Kerk<br>30-100 nC |

# Openbaring 3:14-22 (AFR20)



Op. 3:14 (AFR20)"Skryf aan die boodskapper van die gemeente in Laodisea: "Dit sê die ·Amen, die getroue en ware getuie, die begin van God se skepping,

Op. 3:15 " 'Ek ken jou dade, dat jy nóg koud, nóg warm is. Was jy nou maar koud of warm!

Op. 3:16 Maar omdat jy louwarm is – nóg warm, nóg koud – gaan Ek jou uit my mond spoeg.

Op. 3:17 Omdat jy sê, "Ek is ryk, ek het skatryk geword, en het aan niks gebrek nie," en nie besef dat jy ellendig en bejammerenswaardig, brandarm, blind en naak is nie,

Op. 3:18 raai Ek jou aan om by My goud te koop wat deur vuur gesuiwer is, sodat jy ryk kan wees; en wit klere, sodat jy jou kan aantrek, en die skaamte van jou naaktheid nie sigbaar word nie; en salf om aan jou oë te smeer, sodat jy kan sien.

Op. 3:19 Diegene wat Ek liefhet, berispe en tug Ek: Wees dan ywerig en bekeer jou!

Op. 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe, en saam met hom eet, en hy saam met My.

Op. 3:21 " 'Wie oorwin, sal Ek saam met My op my troon laat sit, net soos wat Ek ook oorwin het, en saam met my Vader op sy troon sit.

Op. 3:22 Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê.' "

# 1 Timoteus 4:1-3 (AFR20)



1Tim. 4:1 (AFR20) Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste dae sommige mense van die geloof afvallig sal word, omdat hulle hulle ophou met dwaalgeeste en die leringe van demone.

1Tim. 4:2 Hulle word beïnvloed deur die skynheiligheid van leuenaars, wie se gewete toegeskroei is.

1Tim. 4:3 Hulle verhinder mense om te trou, en laat hulle sekere kossoorte vermy, terwyl God dit geskep het vir gelowiges, diegene wat die waarheid insien, om dit met dankbaarheid te geniet.

# 2 Timoteus 3:1-5 (AFR20)



2Tim. 3:1 (AFR20) Dit moet jy weet: In die laaste dae gaan daar moeilike tye kom;

2Tim. 3:2 want die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig, aanmatigend, godslasterlik, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, goddeloos,

2Tim. 3:3 ongevoelig, genadeloos, beledigend, sonder selfbeheersing, wreed, sonder liefde vir die goeie,

2Tim. 3:4 verraaiers, roekeloos, hooghartig, lief vir plesier eerder as vir God,

2Tim. 3:5 mense wat wel 'n skyn van godvresendheid voorhou, maar wat die krag van godvresendheid misken. Bly weg van sulke mense.

# 2 Timoteus 4:1-4 (AFR83)



2Tim. 4:1 (AFR83) Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus wat die lewendes en die dooies sal oordeel, ek beveel jou met die oog op sy koms en sy koningskap:

2Tim. 4:2 verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee,

2Tim. 4:3 want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor.

2Tim. 4:4 Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend.

# Kerk Era

| | | |
|---|---|---|
| 7 | Laodisea | Afvallige Kerk<br>1900-? nC |
| 6 | Filadelfia | Sendings Kerk<br>1648-1900 nC |
| 5 | Sardis | Hervormde Kerk<br>1517-1648 nC |
| 4 | Tiatira | Romeins Katolieke Kerk<br>600-1517 nC |
| 3 | Pergamum | Romeinse Ryk Kerk<br>313-600 nC |
| 2 | Smirna | Vervolgde Kerk<br>100-313 nC |
| 1 | Efese | Apostels Kerk<br>30-100 nC |

THE BOOK OF

# REVELATION

Les 3

VERSE BY VERSE MINISTRY
INTERNATIONAL

© 2019 – Verse By Verse Ministry International (www.versebyverseministry.org)
May be copied and distributed provided the document is reproduced in its entirety, including this copyright statement, and no fee is collected for its distribution.

VERSE BY VERSE
fellowship